Laerskool P.A.M. Brink

Tel: (011) 811-1880 / (011) 811-1881 Faks: (011) 811-1882
www.pambrink.co.za
info@pambrink.co.za

Posbus 13235
Geduld
1562

CNR 4th & 6th Avenue
Geduld
Springs

Omsendskrywe 16/2018 27 Augustus 2018

Geagte Ouers/Voogde,

LENTELOOP – 31 AUGUSTUS

Vrydag vind die Pammie "Funky shoe colour walk" plaas gedurende skooltyd. Inskrywing is slegs R25.

Drag: Jean en wit t-hemp (of ou hemp indien nie wit nie)
"Funky" skoene

Leerlinge sal pryse wen vir die mees "funky" skoene. Leerlinge sal onder toesig na die sportvelde stap en sal terug wees by die skool voor 13:10.

BEGROTINGSVERGADERING

Begroting vir 2019 word deur die Beheerliggaam aan die ouers voorgelê op Donderdag, 18 Oktober 2018 om 18:00 in die skoolsaal.

ENTREPRENEURSDAG – 7 SEPTEMBER

Die Graad 7 EBW leerders hou 'n entrepreneursdag vanaf 10:00 – 11:30. Dit vind plaas onder die parkering se afdakke. Alle ouers is welkom om te ondersteun.

KUNSWEDSTRYD

Afrikaanse kunswedstryd vir Gr R – 3 begin Donderdag, 31 Augustus, oorkant skool by AGS-Fonteindedalkerksaal. Leerders het Vrydag, 25 Augustus briewe ontvang. Ons wag nog vir Kunsverenging om verdere datums, plek en tyd te voorsien. Voorlopig begin Seniors, Dinsdag, 4 September.

WISSELTROFEE'S

Alle leerders wat verlede jaar tydens die Prestasie-aand, 'n wisseltrofee ontvang het, besorg asb. terug aan Me Louwrens voor Vrydag, 31 Augustus.

FONDSINSAMELING-PROJEKTE

- **LOOTJIE-LYSTE**

  Baie dankie aan al die ouers wat ons so mooi ondersteun met die fondsinsameling projek. Die leerlinge is opgewonde oor die pryse wat gewen kan word. Die trekking vind plaas met die kermis.

- **KERMIS – 26 OKTOBER**

  Ons beplan om 'n lekker kermis met baie speletjies en eetgoed te hou. Ons moet reeds met die nodige voorbereiding begin en ons het ons ouers se hulp nodig.

  Elke kind wat volgende week, van Maandag – Vrydag 2 blikkies koeldrank bring, sal 'n "Crazy Erazi" (uitveër) ontvang.

BELANGRIKE DATUMS

31 Augustus	:	Pammie "Funky shoe colour walk"
1 September	:	Graad R Ouma en Oupa konsert
7 September	:	Graad 7 Entrepreneursdag
20 September	:	Mnr & Mej PAM Brink
18 Oktober	:	Ouer-Begrotingsvergadering
26 Oktober	:	Kermis
6 & 8 November	:	Prestasie-aande

Baie dankie aan al ons ouers wat ons so mooi ondersteun en as 'n span saamwerk. U hulp verseker dat al ons projekte 'n reuse sukses is.

MNR A JANSEN VAN RENSBURG
SKOOLHOOF